# Netcare-rampplan vir groot kragkrisis

## Mediclinic hou brandstof, Life sit panele in

**Nellie Brand-Jonker**

Die hospitaalgroep Netcare het 'n nasionale rampbestuursplan opgestel wat in werking sal tree indien die krag landwyd afgaan.

Die ander twee genoteerde hospitaalgroepe is ook voorbereid op groot kragonderbrekings.

Dr. Richard Friedland, uitvoerende hoof, het in die afgelope week gesê die plan sal Netcare die vermoë gee om pasiënte te hanteer tydens 'n uitgerekte, "katastrofiese kragonderbreking in 'n streek, provinsie of landwyd".

Hy sê agt belangrike hospitale is aangewys wat vir twee weke aan die gang sal kan bly as so 'n rampsituasie voorkom. Die hospitale sal steeds al die dienste kan lewer wat gewoonlik in die slag bly wanneer daar nie krag is nie.

Volgens hom het al 54 die groep se hospitale noodkragopwekkers wat die kritieke dienste dek wanneer daar 'n kragonderbreking is.

By 28 hospitale bied bykomende kragopwekkers tydens beurtkrag rugsteun vir die noodkragopwekkers. Hy sê dit is meer as wat die wetsvereiste vir hospitale.

In die komende twee jaar sal sulke bykomende kragopwekkers by nog 12 hospitale geïnstalleer word.

Die ander twee genoteerde hospitaalgroepe, Mediclinic en Life Healthcare, sê al hul hospitale het twee kragopwekkers.

**Die Life Anncron-hospitaal in Klerksdorp waar 1 700 sonkragpanele aangebring is wat 'n geraamde besparing van R1 miljoen per jaar sal verseker.**

Friedland sê 21 van Netcare se hospitale kan vir 'n hele tyd sonder die nasionale kragnetwerk klaarkom. Die opwekkers lewer nie net krag vir kritieke dienste nie, maar vir die hele hospitaal.

Binne twee jaar sal 30 van sy hospitale so kan funksioneer.

Koert Pretorius, uitvoerende hoof van Mediclinic Suider-Afrika, het in die afgelope week gesê die hospitaalgroep het in 2008, toe beurtkrag aanvanklik ingestel is, begin om 'n tweede noodkragopwekker by hul hospitale te installeer.

Kragtens wetgewing moet hospitale een noodkragopwekker hê om aan operasieteaters noodkrag te verskaf.

As 'n kragopwekker vir normale bedrywighede gebruik word, moet jy tydens beurtkrag nog 'n noodkragopwekker hê, sê hy.

Hy sê genoeg brandstof word gehou sodat die hospitale minstens 24 uur lank met noodkrag kan funksioneer. By die groter hospitale is bykomende voorraad op sleepwaentjies sodat dit maklik vervoer kan word na waar dit ook al nodig is.

"Ons sal kan voortgaan met ons normale bedrywighede tydens kragonderbrekings,.

"Ons hoop nie dit versleg ooit soveel dat hospitale meer as 24 uur lank met noodkrag bedryf moet word nie," sê hy.

Pretorius sê na raming kos die gebruik van noodkragopwekkers Mediclinic vyf keer soveel as gewone krag.

André Meyer, uitvoerende hoof van Life Healthcare, sê beurtkrag het 'n beperkte impak omdat elke hospitaal twee kragopwekkers het.

Volgens hom is Life Healthcare besig met verskeie kragbesparingsinisiatiewe. By die Life Anncron-hospitaal in Klerksdorp is die grootste sonkragprojek by 'n hospitaal in Afrika.

1 700 sonkragpanele is aangebring wat 'n geraamde besparing van R1 miljoen per jaar verseker. Volgens hom word oorweeg om nog tien hospitale met sonkrag toe te rus.

Hittepompe vir waterverhitting by 33 hospitale en nege Life Esidimeni-sorgsentrums bring besparings van omtrent R8 miljoen per jaar mee. Nog 12 hospitale gaan vanjaar daarmee toegerus word.

Netcare het onlangs 'n lening van R500 miljoen met gunstige voorwaardes van Nedbank en die Franse Ontwikkelingsagentskap vir sy energiebesparingsprojek gekry.

Volgens Friedland is die idee om oor die komende tien jaar met verskeie energiebesparingsprojekte R1 miljard op krag te bespaar.

Hy het gesê dit gaan teweeggebring word deur kraggebruik met 35% te verminder

Volgens hom is Netcare reeds op dreef om vanjaar R27 miljoen op krag te bespaar. Dit gaan teen 2018 tot R71 miljoen per jaar toeneem en teen 2023 tot sowat R100 miljoen per jaar.

Die drie groot projekte wat daartoe bydra, is:

- Al **90 000 ligte** in Netcare-hospitale gaan teen September volgende jaar vervang word deur energiedoeltreffende ligte.
- Byna **70 sonkragprojekte** gaan teen September 2018 by sy hospitale en klinieke voltooi wees.
- **Warmwaterprojekte** sal teen September 2017 voltooi word.